# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-03-13

Liewe Ouers

**GHOLFDAG: 13 MAART 2026**
Ons kan die Klein Lochieland ouers nie genoeg bedank vir hul vrygewigheid met hierdie gholfdag nie! Baie, baie dankie vir elke bottel wyn, pak skyfies, lekkers, neute, pryse, borge, kontant-skenkings en die spelers wat ons ondersteun! Ons kan hierdie jaar weer 'n gholfdag van 'n baie hoë standaard aanbied a.g.v. elke ouer en besigheid wat gehelp het!

Aangesien dit ons enigste fondsinsameling vir die jaar is, probeer ons altyd baie hard om maksimum wins te genereer, maar terselfdertyd 'n genotvolle dag vir die spelers aan te bied. Weereens baie dankie!

**KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S**
Koeverte met 'n voorbeeld van u kleuter se foto's is reeds uitgedeel. Kontak u onderwyseres as u dit nog nie ontvang het nie. Die volgende fotopakkette is beskikbaar:

***PAKKET A:* R150-00**
- 1 X A4
- 1 X 13/18cm
- 2 Jumbo's
- 4 ID-foto's

***PAKKET B:* R250-00**
- 1 X A5
- 1 X 13/18cm
- 3 Jumbo's
- 1 sleutelhouer

***KLASFOTO:*  R60-00**
- A5

**ALLE KOEVERTE MET GELDE MOET TEEN VRYDAG, 10 APRIL IN WEES, ASB!**

**AANTREKDAG: VRYDAG 20 MAART**
Om by ons temas aan te sluit wil ons graag vra dat die kleuters aantrek soos iemand in jou familie. Jy kan aantrek soos ouma, oupa, mamma, pappa, boetie of sussie. Wees kreatief, asb!

**GESINSFOTO'S**
Stuur asb. Maandag 'n foto van julle gesin. Dit word vir temabespreking gebruik en sal weer Vrydag huis toe gestuur word. Graad R-kleuters moet ook so 3 tot 4 sinne kan vertel van hul gesin.

**OUMA en OUPA-DAE**
***Graad RR: Woensdag 18 Maart en Graad R: Donderdag 19 Maart***
Die verrigtinge begin stiptelik om 10:30. Daar word verversings en drinkgoed vir die oupas en oumas na afloop van die kleuters se optrede verskaf. Bring asb. jou eie kampstoel. Die kleuters se

kunswerkies sal na afloop van die oggend te koop wees teen ‘n minimum donasie van R10-00. Kleuters mag dan saam met ouma en oupa huis toe gaan.
**LET WEL: Afsnydatum vir die koop van kaartjies, is Maandag 16 Maart.**

## GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **MY FAMILIE**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Wit, bruin, swart en grys** |
| | Vorm: | **Ovaal** |
| | Getal: | **Hersien getalle 1 tot 3** |
| | Klank: | **Hersien aangeleerde klanke: o, a, d, g en j** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 16 Maart: | ***Bring ‘n foto van jou familie of gesin en vertel 3-4 sinne van hulle. Ons stuur dit weer Vrydag terug huis toe*** |
| Dinsdag | 17 Maart: | Bou ‘n 60-stuk legkaart |
| Woensdag | 18 Maart: | Wys en vertel: Foto van jou gesin |
| Donderdag | 19 Maart: | ***GRAAD R-OUMA en OUPADAG om 10:30*** |
| Vrydag | 20 Maart: | ***AANTREKDAG: Trek aan soos iemand in jou familie*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**AANLYNAANSOEKE vir GRAAD R 2027**
Die aanlynaansoeke vir graad R het geopen. Dit is baie belangrik dat u kleuter op die WKOD se webblad geregistreer word vir graad R. Dokumentasie is reeds vroeër uitgestuur wat stap vir stap die proses verduidelik. Indien u enige probleme ervaar, kontak gerus vir Lize-Mari by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

Ons tema vir volgende week is: **MY FAMILIE**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Bruin** |
| | Vorm: | **Ovaal** |
| | Getal: | **4** |
| | Klank: | **i-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 16 Maart: | ***Bring ‘n foto van jou familie of gesin. Ons stuur dit weer Vrydag terug huis toe*** |
| Dinsdag | 17 Maart: | Ons maak ‘n ouma en oupa-werkie |
| Woensdag | 18 Maart: | ***GRAAD RR-OUMA en OUPADAG om 10:30*** |
| Donderdag | 19 Maart: | Ons teken ‘n mantekening |
| Vrydag | 20 Maart: | ***AANTREKDAG: Trek aan soos iemand in jou familie*** |

Geniet u naweek en sterkte aan die ouers en besighede wat die gholfdag vandag ondersteun!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel